# Menlo-perdesport: Beleid

## 1 Kontakbesonderhede (2022)

Koördineerder (2022 / 2023)

- Me. Ilze Smith (ilze.smith@menlopark.co.za)
- Me. Doné Moolman (done.moolman@menlopark.co.za)

Ouerkomitee: Voorsitter

- Me. Nunette Steyn (nunettesteyn@gmail.com)

Gauteng-Noord: SANESA-voorsitter

- Mnr. Hennie Pienaar (gautengnorth@sanesa.co.za)

## 2 Doelwitte

Menlo-perdesport se doelwit is om die ruiters op ŉ effektiewe manier te organiseer om Die Hoërskool Menlopark by die SANESA-skolekompetisies te verteenwoordig. Menlo-perdesport moedig deelname in alle ruitersportdissiplines waar skole onder die SANESA-vaandel teen mekaar deelneem, aan. Die doelstellings van Menlo-perdesport kan soos volg gedefinieer word:

- Bevorder deelname van Die Hoërskool Menlopark aan SANESA-skole-kompetisies;
- Om aktiwiteite tot uitbreiding en bevordering van die sport te reël;
- Om erkenning aan ruiters wat binne skoolverband in ruitersport presteer, te gee.

## 3 SANESA-vereistes

Die volgende minimum vereistes geld:

- Vir deelname aan kompetisies moet die ruiter toegang tot ŉ perd hê;
- Elke ruiter is vir sy eie kostes en SANESA-inskrywings verantwoordelik.

### 3.1 SANESA (South African National Equestrian School Association)

SANESA word deur SAEF (South African Equestrian Federation), DSA (Dressage South Africa) en SASCOC wat die hoogste vlak van ruitersport in Suid Afrika verteenwoordig, erken.

SANESA se fokus is om alle vorme van ruitersport in Suid-Afrikaanse skole, binne die opgedeelde streke op provinsiale en nasionale vlak, te bevorder.

**SANESA: Kontakbesonderhede**

- Webtuiste www.sanesa.co.za
- E-posadres gautengnorth@sanesa.co.za

Die SANESA webtuiste fasiliteer Menlo-ruiters soos volg:

- Die registrasie van Die Hoërskool Menlopark.
- Die registrasie van die ruiters en hul perde.
- SANESA-jaarkalender met datums.
- Inskrywings en betalings.
- Beskikbaarstelling van uitslae.
- Nuusberigte.
- Sportverwante inligting.

3.2 KLEREDRAG

- Alle ruiters wat aan SANESA deelneem, gebruik die goedgekeurde kleredrag vir Menlo-ruiters, naamlik ʼn hemp, numnah, ens.
- Hemde word ingesteek en met ʼn gordel gedra.
- Klere word by die voorsitter van die ouerkomitee bestel.
- Betaling word direk aan die skool gemaak.
- Ruiters neem reeds by die eerste skou in die volle Menlo-mondering deel.
- Die res van die kleredrag word bepaal deur SANESA se reëls per dissipline.
- Die baadjie wat gebruik word, is ʼn blou/swart baadjie of skoolbaadjie.

3.3 SANESA-punte

Neem asseblief kennis van die volgende bepalings ten opsigte van SANESA-punte:

- Skole word in kategorieë geplaas afhangende van die aantal perd-en-ruiter-kombinasies.
- Dit is daarom belangrik dat geregistreerde ruiters sal deelneem om te verseker dat Die Hoërskool Menlopark die maksimum punte per perd-ruiter-kombinasie insamel.
- Om maksimum punte per perd-ruiter-kombinasie te verseker, is dit wenslik dat ruiters met elke perd wat hulle inskryf aan die maksimum toegelate aantal items deelneem.
- Om maksimum punte vir die skool in te samel, is dit wenslik dat ruiters aan soveel as moontlik kwalifiserende rondtes per jaar deelneem.
- Die datums vir SANESA se addisionele liga verskil van die datums van die hoofliga en dit bied aan ruiters ʼn verdere geleentheid om ekstra punte vir die skool te verdien wanneer hulle aan hierdie addisionele ligas deel te neem.

# 4 RUITERSPORT DISSIPLINES EN KOMPETISIES

SANESA reël kompetisies in die volgende dissiplines:

### 4.1.1 SANESA-kernliga

- Show jumping
- Dressage
- Prix Caprilli
- Handy Hunter
- Showing
  - Working Riding
  - Performance Riding
  - Working Hunter
  - In Hand Utility
  - Equitation

## 4.2 Addisionele ligas

- Vaulting
- Eventing (3 Phase)
- Endurance
- Saddle Seat
- Western Mounted Games
- Mounted Archery
- Western Riding
- Stadium Eventing
- Special Needs

Meer inligting rakende die verskillende dissiplines kan op SANESA se webtuiste verkry word: SANESA/INFO/Informational
(Die webwerf het ongelukkig nie riglyne vir AL die dissiplines nie.)

# 5 AKTIWITEITE IN SPANVERBAND

## 5.1 Verkiesing van kaptein en onderkaptein

- Die proses word deur die skool se perdesportorganiseerder (ʼn personeellid), me. Done Moolman of me. Ilze Smith, in samewerking met die huidige kaptein, behartig.
- Graad 11-leerders kry die geleentheid om hulleself as kaptein vir die volgende jaar verkiesbaar te stel.
- Daar word van die leerders verwag om hulleself aan die span bekend te stel en om hulle doelwitte met die res van die span te deel.
- SANESA-deelname dien as ʼn vereiste vir oorweging vir ʼn leiersposisie.
- Graad 10-leerders kan, indien nodig, ingetrek word om hulleself verkiesbaar te stel.
- Die res van die span stem vir die ruiters wat hulleself verkiesbaar gestel het.
- Daar word ʼn kaptein en onderkaptein gekies.

## 5.2 Verkiesing van ouerkomitee

Die ouerkomitee verkies ʼn voorsitter uit die ouers wat deel van die komitee vorm en hulleself as voorsitter verkiesbaar stel. Die gekose voorsitter kan jaarliks herkies word, of ʼn nuwe voorsitter kan gekies word. Ouers kan ook genader word om op die komitee te dien.

5.3 Kuiergeleenthede

- Informele geleenthede soos deur Menlo-perdesport gereël.
- Ruiters ontmoet mekaar vir spanbou en die deurgee van inligting indien daar ŉ behoefte aan sulke ontmoetings is.

5.4 Spanbou

Daar word jaarliks ŉ spanbougeleentheid vir die ruiters en komitee gereël sodat hulle mekaar beter kan leer ken. Hierdie geleentheid word deur die komitee, in samewerking met die organiseerder en die kaptein, gereël.

5.5 Menlo-gazebo

Die Menlo-gazebo word deur ouervrywilligers en die organiseerder by SANESA-skoue opgeslaan.

5.6 Graad 8-inligtingsaand

- Die Graad 8's en hulle ouers word genooi om die vergadering aan die begin van die jaar by te woon.
- Noodsaaklike inligting word aan nuwe ouers deurgegee.
- Namnuh's en hemde kan by hierdie geleentheid gekoop word.
- Algemene reëlings vir die jaar word bespreek en getref.

## 6 Prysuitdeling / Afsluitingsfunksie

Die prysuitdeling / afsluitingsfunksie word jaarliks in die vierde kwartaal gehou. Die doel van hierdie funksie is soos volg:

- Erkenning word aan ruiters gegee vir die prestasies wat hulle gedurende die jaar behaal het.
- Die nuwe kaptein en onderkaptein word aangekondig.
- Die nuwe voorsitter van die ouerkomitee word bekendgestel.

6.1 Trofeë

- Trofeë word toegeken om erkenning aan ruiters wat die skool by SANESA-byeenkomste verteenwoordig het én die beste in die onderskeie dissiplines en vlakke presteer het, te gee.
- Die amptelike uitslae wat op SANESA se webwerf gepubliseer word, word gebruik om te bepaal watter ruiter die meeste punte in ŉ spesifieke dissipline en spesifieke vlak behaal het.

- Slegs die punte wat tot op Gauteng-vlak ingesamel is, word in berekening gebring (m.a.w. nasionale vlak se punte word nie in berekening gebring nie). Dit geld vir alle SANESA-dissiplines.
- Ter verduideliking:
    - ’n Eerste plek in die kernliga verdien ongeveer 200 punte. Die tweede en verdere plekke verdien al hoe minder punte – dit hang af hoe groot die klas is.
    - Die volgende word as riglyn gebruik: Die eerste derde van die deelnemers in ’n klas kry goeie punte. Daarna kry elke ruiter ’n minimum hoeveelheid punte vir deelname.
    - Indien die klas bv. baie groot is, kan selfs die 8ste of 9e plekke steeds bv. 185 punte verdien, maar indien die klas baie klein is, kan die tweede plek selfs so min as 25 punte verdien.
- Die Menlo-perdesportorganiseerder en die voorsitter van die ouerkomitee gebruik dus bogenoemde SANESA-resultate (tot op Gauteng-vlak) om te bepaal watter ruiter die meeste punte vir die skool in die onderskeie dissiplines en vlakke ingesamel het om sodoende die beste presteerder vir daardie dissipline en vlak te bepaal.
- Ruiters ontvang die trofeë tydens die prysuitdelingsfunksie.
- Trofeë word in die volgende dissiplines in verskillende vlakke toegeken:

6.1.1 SANESA-kernliga

- Show jumping
- Dressage
- Prix Caprilli
- Handy Hunter
- Showing
    - Working Riding
    - Performance Riding
    - Working Hunter
    - In Hand Utility
    - Equitation

6.1.2 Addisionele ligas

- Vaulting
- Eventing (3 Phase)
- Endurance
- Saddle Seat
- Western Mounted Games
- Mounted Archery
- Western Riding
- Stadium Eventing

### 6.1.3 Spesiale toekennings

Ruiters kom op grond van die punte wat hulle volgens die SANESA-uitslae vir die skool ingesamel het vir spesiale toekennings in aanmerking:

- NewComer van die jaar (Vlak 0)
  - Toegeken aan die ruiter wat die meeste punte (enige dissipline) op vlak 0 ingesamel het.
- Beste Vordering (Puntegewys vanaf Q1-Q4)
  - Toegeken aan die ruiter wat die meeste verbeter het (in terme van hoeveelheid punte ingesamel) vanaf Qualifier 1 tot Qualifier 4.
- Top-tien-ruiters
  - Toegeken aan die 10 ruiters wat die meeste punte vir die skool ingesamel het gerangskik van meeste punte (1$^{e}$ plek) tot minste punte (10$^{e}$ plek).
- Veelsydigste Ruiter (Verskillende dissiplines)
  - Toegeken aan die ruiter wat aan die meeste dissiplines deelgeneem het. Indien daar meer as een ruiter is wat kwalifiseer, sal die een wat die meeste punte verdien het hierdie trofee ontvang. (Indien daar bv. twee ruiters is wat aan ses dissiplines deelgeneem het, sal die een wat die meeste punte verdien het hierdie trofee ontvang.)
- Ruiter van die jaar: Kernliga
  - Slegs punte wat onder die kernliga ingesamel is, word hiervoor in aanmerking geneem.
- Ruiter van die jaar: Addisionele liga
  - Slegs punte wat onder die addisionele liga ingesamel is, word hiervoor in aanmerking geneem.
- Vir beide (kernliga & addisionele liga): Toegeken aan die ruiter wat die meeste punte in die onderskeie klasse ingesamel het.
- Spangees
  - Die ouerkomitee besluit watter ruiter in die span die meeste gees getoon het.

# 7 Kleure en erekleure

- Toekenning van kleure aan ruiters is in lyn met die van ander skoolsportsoorte.
- Die skool se beleid ten opsigte van kleure en erekleure is op die skool se webtuiste beskikbaar: www.menlopark.co.za.
- Kleure en erekleure word deur die skool toegeken. Ruiters ontvang die nodige bewyse van die perdesportorganiseerder.

7.1 Kleure

- ʼn Ruiter kwalifiseer vir kleure indien ʼn ruiter vir die Gauteng-Noord-span gekies word, by die Gauteng-finaal opdaag én daaraan deelneem.

7.2 Erekleure

- ʼn Ruiter kwalifiseer vir erekleure indien hy/sy drie keer vir kleure gekwalifiseer het.
- ʼn Ruiter kwalifiseer vir erekleure indien hy/sy vir die Gauteng-span gekies word en op grond hiervan vir die SA kampioenskap kwalifiseer, daarvoor opdaag én daaraan (SA kampioenskap) deelneem.

## 8 Prestasies buite SANESA-liga

Sommige ruiters neem aan professionele ligas op provinsiale en nasionale vlak deel. Hoewel hierdie skoue buite skoolverband plaasvind, is ouers welkom om prestasies aan die voorsitter van die ouerkomitee en die perdesportorganiseerder deur te gee. Hierdie ruiters kom nie vir kleure of erekleure in aanmerking nie.

## 9 Vervoer tussen die skool en stalle

Ruiters is vir eie vervoer na en van die stalle en skoue verantwoordelik. Die skool het geen spesiale reëling met enige stalle nie.

## 10 ALGEMEEN

Perdesportinligting word op die volgende platforms versprei:

- Die Hoërskool Menlopark se webtuiste (**www.menlopark.co.za**)
- Die Menlo-Insig: datums, uitslae & foto's
- WhatsApp-groepe
- Facebook
- Instagram